SAKE 24 (Beeld)
19 May 2011, p.3

Coronation sit kroon op halfjaar met goeie syfers

Nellie Brand-Jonker, Kaapstad

Die batebestuurder Coronation het in die halfjaar tot einde Maart sy inkomste en wins skerp met 32% verhoog danksy 'n sterk groei in bates onder bestuur.

Mnr. Hugo Nelson, uitvoerende hoof, het gesê die verhoging van die inkomste hou verband met die toename van R55 miljard in bates onder bestuur sedert einde Maart verlede jaar van R176 miljard tot R231 miljard.

Die toename in bates onder bestuur is toegeskryf aan die sterk invloei van beleggersgeld wat Coronation ontvang het asook die beleggingsvertoning van sy fondse wat deels beïnvloed word deur die beweging van die JSE die afgelope jaar.

Die JSE het sedert einde Maart verlede jaar met 15% gestyg.

Nelson het gesê die afgelope 18 maande was buitengewoon vir batebestuurders vanweë kapitaalmarkte wat wêreldwyd herstel het. Dit het bygedra daartoe dat Coronation se bates onder bestuur, inkomste en wins die hoogste nóg vir 'n halfjaar-tydperk is.

Die sterk invloei van geld in die halfjaar was ook ongekend in Coronation se geskiedenis.

'n Invloei van R14 miljard na sy fondse het plaasgevind waarvan R10 miljard van gewone beleggers afkomstig is.

Volgens Nelson verhoog Coronation steeds sy markaandeel onder gewone beleggers. Die markaandeel het van einde Maart verlede jaar van 6,5% tot 8,7% toegeneem.

Van die totale bates onder bestuur is R50 miljard van gewone beleggers en die res is van institusionele beleggers (geld wat vir pensioenfondse bestuur word).

Coronation streef na dieselfde markaandeel vir gewone beleggers as wat sy institusionele bedrywighede het. Laasgenoemde het 'n markaandeel van tussen 11% en 12%.

Nelson het die verhoging in invloei van gewone beleggers af toegeskryf aan die goeie opbrengste van Coronation se fondse vir beleggers.

Die dividend is met 57% verhoog om byna al die kontantgegronde inkomste aan aandeelhouers uit te betaal.

Nelson het gesê die kontantbehoeftes laat dit toe en die aandeelprys is nie tans aantreklik vir 'n aandeelterugkoop nie.

Aandeelhouers is gemaan om die buitengewone omgewing die afgelope 18 maande in ag te neem wat betref verwagtinge oor Coronation se toekomstige vertoning, "veral in die uitdagende bedryfsomgewing wat tans beleef word. Vorentoe sal dit meer problematies wees vir batebestuurders, want kapitaalmarkte is tans billik of oorgewaardeer."

Beleggingsaanbeveling

Koop	1
Verkoop	0
Hou	2

Die beleggingsaanbevelings is gedoen voordat die resultate bekend gemaak is.

Bron: Bloomberg

Aandeelprys

Dinsdag	R19,05
Hoogtepunt vir die jaar	R19,20
Laagtepunt vir die jaar	R10,20

Coronation

	2010	2011	Verandering
Inkomste	R654 miljoen	R865 miljoen	+32%
Wins	R226 miljoen	R299 miljoen	+32%
Wesensverdienste per aandeel	71,2c	89,2	+25%
Dividend per aandeel	51c	80c	+57%